

DANIËL SE GEBED

Daniël was 'n jong seun toe die die volk van die Here in ballingskap weggevoer is. Hy was dus nie 'n volwassene nie en nog minder 'n leier van sy volk. Ons sou dus kon sê die vervolging het niks met hom te doen nie. Omdat hy so jonk was het hy nie deel aan die volk se sonde nie, want hy het nog nie enige deelname aan die volk se besluite gehad nie. In vandag se taal sou ons kon sê hy het nog nie stemreg gehad nie. Hy was minderjarig. Kon nie deel wees van die regering nie. Tog word hy saam met die volk weggevoer. Die sonde van die vaders is hom ook toegereken. So moes hy die wrede vervolging in 'n vreemde land meemaak.

In hoofstuk 9 lees ons dat Daniël bid om vergifnis vir die sondes van sy volk, maar ook om vergifnis van sy eie sondes. In die lig van die feit dat Daniël weens sy jonkheid hom kon distansieër van sy volk se sondes, sou ons kon dink dat hy sy gebed sou begin deur te sê: "Ag, Here,.... my volk het gesondig, hulle het oortree, hulle het verkeerde dinge gedoen." Dat hy so sou aangaan oor wat "hulle" verkeerd gedoen het. En dit was baie verkeerd. En weet jy wat? Hy sou die waarheid praat, want sy volk hèt gesondig, hèt oortree, hèt verkeerd gedoen. En daarom is hy saam met sy volk weggevoer, oor "hulle" sondes. Maar heel anders as wat ons dalk sou doen, bid Daniël aangrypend soos volg: "Ag, Here,.... ons het gesondig, ons het oortree, ons het verkeerde dinge gedoen, ons was opstandig en het nie gelewe volgens u gebooie en u bepalings nie." Ons, ons, ons. Soos 'n refrein, oor en oor.

As jy hoofstuk 9 met aandag lees, word jy aangegryp deur Daniël se opregte smeekbedes. Dat hy by herhaling homself insluit by sy volk se sondes. Hy probeer nie die Here oortuig dat sy volk en nie hy nie gesondig het, nee, hy reken homself 100% in by sy volk se sondes. Lees gerus hoe Daniël in 'n tiental verse 47 keer in sy gebed die ONS gebruik! Geen sweempie van HULLE nie! Nee, ONS, dit wil sê EK en HULLE= ONS. Terwyl Daniël nog bid, kom Gabriël daar aan en sê vir hom: "Toe jy met jou smeekgebed begin het, is daar 'n antwoord gegee, en ek het gekom om dit vir jou te vertel, want God het jou lief."

Hoe lief God vir Daniël en vir jou en my het, lees ons in Johannes 17 waar Jesus bid. Waar Hy iets sê oor Homself, iets sê oor die apostels en dan iets oor ons en vir ons sê. Vir ons die ewige lewe beloof. En sê dat Hy dit aan die kruis vir ons gaan verwerf. En dit toe gedoen het!

Jan lubbe